Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
EDULIS

Verwysing: 20111021-6897
Lêerno.: 12/17/1/2
Navrae: S Hanekom

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0005/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: EDULIS-biblioteek oop vir instapkliënte

1. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste (EDULIS) -biblioteek sal vanaf 02 November 2021 heropen vir instapkliënte. Voorheen is geen direkte interaksie met kliënte toegelaat nie. Die biblioteek sal voortgaan met sy aflaai- of versamelingsdiens as kliënte verkies om nie direk met bibliotekarisse te skakel nie.

2. Die biblioteek bied sy volledige diens aan, asook die algemene gebruik van die biblioteek en sitplekke, onbeperkte deurkyk van bronne en toegang tot rekenaars.

3. Daar sal egter sekere perke wees om te verseker dat veiligheidsprotokolle nagekom word, soos byvoorbeeld:

3.1 Kliënte wat nie 'n masker dra nie, word nie toegelaat nie.
3.2 Kliënte moet items by sekuriteit terugbesorg; items word in kwarantyn geplaas voordat dit weer op die rakke gesit word.
3.3 Slegs 10 kliënte op 'n slag kan enige tyd toegang tot die biblioteek verkry.
3.4 Alle kliënte sal deur sekuriteit gesif word voor hul toegelaat word.
3.5 Kliënte moet 'n fisiese afstand van 1.5 meter van mekaar handhaaf.
3.6 Openbare rekenaars mag slegs vir 'n beperkte tyd van 30 minute gebruik word.
3.7 Die biblioteekpersoneel sal sanitêre voorsorgmaatreëls tref.

4. **Biblioteekure**

Weeksdae:	07:30 – 16:30
Saterdae:	09:00 – 12:00
Oop:	Skoolvakansies
Gesluit:	Openbare vakansies en aangewese dae
Feestyd:	Die biblioteek is gesluit vir die feestyd vanaf 24 Desember 2021 en heropen op 03 Januarie 2022.

5. Kliënte kan voortgaan om hulpbronne telefonies of per e-pos aan te vra. Die biblioteekpersoneel sal die aangevraagde items van die rak afhaal en pakkies voorberei om óf persoonlik opgetel óf gepos te word. Biblioteekpersoneel sal kliënte per e-pos in kennis stel wanneer items by die biblioteek afgehaal kan word. Die biblioteekmateriaal wat u ontvang, is veilig om gebruik te word.

5.1 Die volgende inligting word benodig as biblioteekbronne per e-pos aangevra word:

- Titel en outeur van items soos in die katalogus aangedui;
- As u nie 'n spesifieke titel het nie, vra hulpbronne aan oor 'n onderwerp (wees so spesifiek as moontlik);
- U voorletters en van;
- U identiteitsnommer of EDULIS-lidmaatskapnommer van die biblioteek; en
- Óf ons dit moet pos, en óf u dit gaan afhaal.

6. **Toegang tot e-hulpbronne**
Books24x7, databasis van opvoedkundige tydskrifartikels, die biblioteekkatalogus en webwerf: http://edulis.pgwc.gov.za/. Toegang tot e-hulpbronne sal soos gewoonlik deur afstandstoegang beskikbaar wees. Kliënte kan soos gewoonlik aanmeld. Indien enige probleme met wagwoorde ondervind word, kontak die biblioteekpersoneel wat u deur die proses sal lei.

7. Na die ontwrigting van die inperkingstydperk, sien ons daarna uit om die EDULIS-biblioteekdiens weer aan al ons kliënte bekend te stel. Laat weet ons as u spesiale behoeftes of enige voorstelle het om ons diens tydens 'n ramptoestand te verbeter.

8. Kliënte kan met die EDULIS–biblioteek in verbinding tree by tel. 021 957 9618 of per e-pos by edulis@westerncape.gov.za, Maandae tot Vrydae, 07: 30 – 16:30 en Saterdae, 09:00 – 12:00.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-10-26